



NG Gemeente, Rietfontein-Suid, Pretoria
Taakspan vir Kinders: Junior Kategese & Kleuterkerk



Sleutels vir Lewe

SLEUTEL 6 - Liefde

Matteus 5:44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg

Die wêreld sê:

Vernietig mense in jou pad. 'n Oog vir 'n oog ...

Jesus sê:

Wees lief vir almal al hou jy nie van hulle nie

Besprekingspunte

Die wêreld sê as iemand iets slegs aan my gedoen het, moet ek baie meer slegte goed aan hom doen. Ek moet hom terugkry...
Dink maar aan boelies....
"Wag maar net tot ek jou terugkry....!"

Ons verskil van mekaar. Ons hou nie almal van dieselfde kos, karre, flieks, speelgoed, kleur, ens. Nie. Ons karakters en persoonlikheid verskil ook.

Wie sê jy is altyd reg?

Ons moet respek hê vir ander net bloot omdat God hom/haar ook geskape het.

Om mense lief te hê van wie jy nie hou nie, beteken om hom/haar as mens te respekteer en ook 'n kans in die lewe te gee.

(Daar is verskillende soorte liefde)

Storie: Saul probeer Dawid doodmaak; Dawid maak vir hom musiek - 1 Sameul 18 Dawid spaar Saul se lewe - 1 Sameul 24

lets om huis toe te neem

Gee vir elke kind 'n prentjie van 'n harp.

Skryf onderaan: Jesus help my om my vyand lief te hê

of

Lukas 6:31 Behandel ander mense soos julle self behandel wil word

Elke week

Sleutels sluit iets oop ... Byvoorbeeld: Slotte, deure, kluipe, hekke, motors, skatkis, ens.

Dit verteenwoordig keuses waarvoor jy te staan kom in die lewe.

Jy het die keuse watter sleutel jy in die lewe gebruik om wat oop te sluit. Dit bepaal waarheen jy gaan, wat jy ontdek en die gevolge van jou keuse.

Jesus se Sleutels vir Lewe verskil van die wêreld se sleutels.

Wie is die wêreld?

Dit is nie net onbekendes nie. Dit is ook ons maats of vriende, partykeer grootmense wat ons leer ken. Eintlik is dit almal wat nie mooi verstaan dat Jesus se Sleutels vir Lewe anders is nie.

Wat is sonde?

Enigiets wat Jesus se hart seermaak.

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!